# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 09:00**

## Kyk saam met God na sy reënboog in die wolke

**Skriflesing:**
Gen 9:1-17; 2 Pet 3:3-9;
Hooglied 8:6,7 (1953);
Jes 54:9-11; 1 Kor 3:9-15

**Teksvers:**
Genesis 9:8-17

**Sing:**
Ps 29:1,2,5
Ps 89:1,2,14
Sb 16-1: 1, 2, 3
Ps 145:1,2,11,12
Sb 18-7:1,7,10,12
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Tydens u voorbereiding kan u 'n bietjie nadink oor die wonderlike reënboog. Ouers, kan u asseblief indringend met jul kinders praat oor die wonder van die reënboog: hoe dit ontstaan na die reën, die verskeidenheid kleure en die betekenis daarvan by Noag, nl. die belofte dat daar NOOIT weer so 'n verskriklike waterramp op aarde sal wees nie. Ja, so het die Here in sy trou gesweer (belowe) en sal dit nooit verbreek nie.

En onthou daarby dat jy, nes Noag en die ark, by die Doop self ook deur die water heen gespaar is… in 'n heilige VERBOND wat die Here self reeds ook met jou (deur water) gesluit het!

**SONDAGAAND 18:00**

## Die Heilige God maak ons heilig sodat sy naam geroem word

**Skriflesing:**
1 Petrus 1:13-21

**Teksvers:**

1 Petrus 1:14-17

**HK** Sondag 47

**Sing:**
Ps 145: 1, 12
Ps 100: 1, 2, 3
Ps 30: 1, 3
Sb 13-3

**Prediker**: Student Willem van Heerden

Waarom leer ons Here Jesus ons om die eerste bede te bid? Besef ons wat ons bid as ons vra dat die Here se naam geheilig word?

Ons kan nie ons Vader in die hemel se Naam heilig maak deur ons optrede nie. Ons verander nie Sy heiligheid nie. Ons bid egter dat daar verandering by ons sal plaasvind. Ons bid dat God ons sal lei in ons optrede sodat ons daardeur sy Naam sal grootmaak.

Ons fokus is vanaand baie spesifiek oor dit waarvoor ons bid as ons vir die Here vra om hierdie verandering by ons te bring.




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 48 Nr 03 29 Januarie 2023**


## Sinode 2023

Van môre (Maandag) af vergader die GKSA weer in die Algemene Sinode om die sake van die kerk van die Here te bespreek en te reël. Ons bede is dat dit waarlik 'n vergadering onder leiding van die Heilige Gees sal wees, wat dien tot die opbou van die kerk van Christus en tot die eer van God.

Vanaf 30 Jan – 4 Feb vergader 280 afgevaardigdes van die 7 Streeksinodes van SA in die Sinodesaal in Molenstraat, Potchefstroom. Elke dag van 8vm tot 10nm word daar gebid en gewerk om die agenda van 800 bladsye (uitgesluit die ondersteunende state van nog 500 bladsye) deur te werk. Na hierdie eerste week is die volgende week, (6 tot 10 Feb) ook geskeduleer, waartydens die afgevaardigdes in groeperings van hul Streeksinodes (in Streeks-verband) aanlyn vergader, om die agenda af te handel.

Tydens my voorbereiding van al die stukke ter tafel vir die Sinode, het ek weereens diep bewus geraak van die wye verskeidenheid van werk in die "*groter*" kerk van die Here. Die manne- en vroue-krag en inspanning wat inherent en agter al die rapporte (verslae) lê, is indrukwekkend. Ons dank die Here vir al die mense en hul gawes (en tyd) wat hulle bestee aan die diens van die Here.

Die voorsitters en skribas (die moderamen) van die Sinode word Maandag na die konstituering van die vergadering verkies. Rapporte van die drie jaar (en langer) se werk word agtereenvolgens gelewer en dan na adhoc kommissies verwys met aanbevelings vir goedkeuring of afkeuring. As die Sinode dus saans vroeg verdaag, vergader meeste afgevaardigdes weer in hul betrokke kommissies tot laatnag. Die notule word daagliks gelees en goedgekeur. (Ek vertel dit maar net dat u 'n idee kry van wat by sinodale vergaderings gebeur).

Laat ons die Here dank vir hierdie mense en die werk wat gedoen is deur al die Deputategroepe en ook bid dat Hy, die Koning van sy kerk, hierdie heilige vergadering die volgende twee weke mag seën met die leiding en genade van die Heilige Gees.

Ds Maarten

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

***Dien die Here met blydskap***

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 2, Ps 81:1,12 Volgende week: Les 3 Ps 81:1,12

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Kerkkas

**Volgende week:** Barmhartigheid — By die deure: Biblos

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417



## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!

Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion, reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop 'n okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings.

Daar is geen versorgings-fasiliteite nie en bepalings geld vir persone ouer as 80 jaar.

Die eenheid wat beskikbaar is, bestaan uit: 2 slaapkamers, 1 badkamer, kombuis, eet– en sitkamer, toesluit motorhuis met privaat stoep en tuin. Beskikbaar vir okkupasie vanaf ongeveer 1 Apr 2023. Die rigprys is R850 000. U kan egter 'n aanbod van u keuse maak, waarna die bestuur die verskillende aansoeke sal oorweeg.

Die eenheid gaan in sy geheel opgegradeer word en die moontlikheid bestaan om veranderings op eie onkostes, na oorleg en goedkeuring van die bestuur, aan te bring. 'n Voorbeeld is om die badkamer te omskep in 1½ badkamer.

Die eenheid is 108m$^2$ en die maandelikse heffing is R1 496 plus u maandelikse kraggebruik en munisipale heffings. Watergebruik is reeds ingesluit in die genoemde heffing.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae: Rina Venter 071 403 4143 (op terrein) of Gerrit Beumer 082 572 5235

**Aansoeke sluit 6 Februarie 2023**

---

CROSSROADS

## Mentor opleiding

## 28 Feb 2023

Van 2011 bring Crossroads Prison Ministries die evangelie aan gevangene in Suid-Afrika. Daar is tans 162 875 mense in aanhouding. Baie van hulle is soekend en wil graag meer van die Evangelie leer. Sommige mense is reeds Christene, maar het nie grondige kennis van die geloof, genade en die verlossingsboodskap nie. Crossroads bied Bybel kursusse aan wat die student vanaf die begin basiese konsepte leer en dan daarop voortbou.

Ons het mentors wat die les merk aan die hand van 'n memorandum. Nadat die les gemerk is, skryf (of tik) die mentor 'n bemoedigende brief en brei nog 'n bietjie uit op die tema van die les. Mentors ontvang volledige opleiding en ons is deurgaans beskikbaar om elke mentor met raad en daad by te staan. So kan u direkte evangelisering doen in die gemak van u eie huis, op 'n tyd wat u pas! Daar was ook nog nie 'n mentor wat nie kon sê dat hierdie kursus hulle geloof nie op 'n wonderbaarlike wyse verdiep het nie!

Kontak ons gerus as u belangstel om die volgende opleiding by te woon of as u op 'n ander wyse wil betrokke raak:

**office@cpministries-sa.org.za/061 031 9498/www.cpministries-sa.org.za**

...vanaf bl 9

8. Ons begroot vir Ds Gerrit vir 'n bonus omdat hy op langverlof gaan.
9. Die katkisasie kommissie het mooi bespaar vir hierdie jaar. Ons het egter steeds begroot vir 'n soortgelyke bedrag as die vorige jaar.
10. Onder instandhouding het ons ruim oorspandeer. Hoofsaaklik twee buite begroting items moes aangespreek word. Die sekuriteit by die kerk en die herstel van die dakke. Hierdie items het gesamentlik R220 000 gekos. Die verwagting is dat ook in hierdie jaar buite begroting onderhoud sal moet plaasvind wat verder druk op die finansies sal plaas. Die projekte span wat einde van verlede jaar so mooi resultaat gelewer het met u insette, sal ook hierdie jaar op u knoppie druk.
11. Soos by die katkisasiekommissie was daar 'n mooi besparing maar het ons nie ons begroting afwaarts aangepas nie. Ons wil nie op die jeug bespaar nie.
12. Hier was 'n buite begrote uitgawe om dakke te herstel by Monumentsig. Die totale bedrag was ongeveer R100 000.
13. Hier sien ons duidelik dat ons uitgawes hierdie jaar ons begroting vér oorskry het. Dit was egter noodsaaklik en deurgaans met inagneming van die beskikbare reserwes.
14. Tot nou toe het ons reserwes gehad en kon ons vir tekorte begroot het. Daar is nou geen reserwes meer nie en moes die dankoffers met 'n groter persentasie styg. Hiermee is die eerste punt dan nou ook beter toegelig.

Met inagneming van al die voorafgaande is dit duidelik dat die jaar vir ons 'n paar uitdagings bied. Ons verneem egter dat die projektespan ook in hierdie jaar 'n paar mooi idees het. Hierin gaan hulle op ons almal se steun staatmaak.

Ons het egter volle vertroue dat ons gesamentlik en onder die leiding van ons Hemelse Vader, ook hierdie jaar die finansiële verpligtings sal kan nakom. Daarom groot dank vir al die getroue bydraes maar ook 'n vriendelike beroep, dat u indringend sal bly kyk dat u dankoffer nie maar net 'n maandelikse verpligting is nie, maar u dankbaarheid weerspieël vir al die genade wat ons so onverdiend ontvang.

**FINANSIëLE KOMMISSIE**

Vir navrae kan u Gerrit Beumer kontak by gerrit@uniplug.co.za of 082 572 5235.






# Verjaarsdae

**Belydende lidmate**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 30-Jan | Tewis | Groenewald | C10 | 27824126173 |
| | Willie | Jordaan | C09 | 27726355172 |
| | Christiaan | Nijeboer | A05 | 27718788888 |
| | Driekus | Pieters | C07 | 27828798423 |
| | Dries | Roos | B09 | 27825721492 |
| | Lettie | Smit | C01 | 27847646587 |
| | Anna-Marie | van Staden | A15 | 27829407111 |
| 31-Jan | Frans | Brand | C08 | 27767414193 |
| | Martelie | Burger | A12 | 27737223587 |
| | Jan | Nel | C12 | 27823795935 |
| | Mieneke | Trichard | A03 | 6621964 |
| | Mieke | vd Heever | C02 | 27817938279 |
| 01-Feb | Chané | Beumer | A09 | 27834418095 |
| 02-Feb | Andries | Venter | A11 | 27761224280 |
| | Brenda | Venter | A02 | 27842004700 |
| 03-Feb | Danie | Erasmus | B05 | 27825772862 |
| | Pieter | van Rooy | A01 | 27825592762 |
| | Gerrit | van Zyl | C13 | 27833040338 |
| 04-Feb | Ernest | Bornman | E01 | 27621427148 |
| | Louise | Hefer | A07 | 27824650498 |
| | Paul | Hugo | B15 | 27824621902 |
| | Deon | Pohl | A10 | 27824502720 |
| | Heleen | v Schalkwyk | B14 | 27848190026 |
| | Marcel | Wilson | E01 | 27829030552 |

**Dooplidmate**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 29-Jan | Resegofetse | Masie | E01 | 27730994955 |
| | Luan | Potgieter | B19 | 27827722615 |
| 30-Jan | Jaydon | Rousseau | B12 | 27849523386 |
| 31-Jan | Kara | Holtzhausen | C05 | 27834128969 |
| | Matthys | Louw | C10 | 27796910128 |
| 01-Feb | Henro | Posthumus | A09 | 27828740421 |
| 02-Feb | Paul | Kotze | A16 | 27837300933 |
| | Deodat | le Roux | B04 | 27832775854 |
| 03-Feb | Miane | de Jager | B17 | 27829240529 |

# Ons gee om vir Mekaar

*"Net by God vind ek rus..." Ps 62:1*

- Johan Kruger sterk aan na 'n operasie (C03—082 461 7405).
- Sophia Theunissen het n draai in die hospitaal gemaak (B7—082 378 2950).
- Elize Stavast ondergaan die week 'n knievervangingsoperasie (B16—082 922 0122).
- Morné Labuschagne het toetse ondergaan (B6—078 688 1507).
- Martie Vilas sterk aan in Kloof hospitaal (B7—072 245 7232).
- ***Meelewing*** word betuig met:
  - Andries Venter en familie na die afsterwe van Judy. Begrafnis vind plaas Dinsdag, 31 Januarie 2023. Olievenhoutbosch begraafplaas om 09:00, troosdiens vanuit ons kerk om 11:30.
  - Billy en Elsa du Toit na die afsterwe van Elsa se broer.
  - Marietjie Smit na die afsterwe van haar suster Karrie Grönum (oud-lidmaat en inwoner van Monumentsig).

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# Geluk

*Pieter en Melicia met die doop vanoggend van Pieter van Rooy.*

**Beroepe aanvaar**

Proponent MJ (Johan) Willemse na GK Vredenburg/Saldanha

## Alethea Outreach 11:00

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

**Boekhouer en Belasting Konsultant.** Algemene boekhouding en finansiële state, kontantvloei en likwiditeitsontledings, inkomste belasting en BTW opgawes vir Besighede, Individue en Boere. Hennie van Rooyen 082 932 5634/ hennievr.tax@gmail.com

Kan ek toesien tot die registrasie van u huis-oordrag? Die Agent het sy prokureur. Die Koper het sy prokureur. Stel u eie **oordragprokureur** aan. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Mobiele Haarkapper**. Is dit moeilik om by 'n Haar-salon uit te kom? Ek kom na jou toe: was, sny, kleur— Centurion-omgewing. Lindie de Beer 076 241 2967.



**Besorg asb die blompot terug indien u Sondag die ruiker ontvang het. Dankie.**

# Bybelstudie

## Juventus (18-24)

Dinsdagaande 18:00 vir 18:30

- - - - - -

## Ouventus (25 plussers)

Woensdae om 19:00

**Tema bespreking** vir Juventus en Ouventus op Sondagaand, 29 Jan:

*Ek en my toep, bronne vir Bybelstudie*

- - - -






## NOTAS OM 2022 SE FIN VERSLAG TOE TE LIG:

1. Dankoffers vergelyk baie goed met begroot vir die afgelope jaar en was slegs effens onder begroting. Dankoffers is verreweg ons grootste inkomste. Dis daarom belangrik om uitgawes sodanig te beperk dat daar nie te veel druk op die dankoffers is nie. Dankoffers moet egter met meer as 9% styg om binne begroting te bly vir die nuwe jaar. Dit sal duideliker word namate die res van die notas volg.
2. Deurkollektes het ruim 18% onder begroting geëindig. Een van die redes is dat daar minder kollektes was vir die kerkkas. Omdat dit hoofsaaklik in Oktober en November gebeur het, raak dit ook die begroting vir hierdie jaar, omdat einde September syfers gebruik is om die begroting op te stel.
3. Tydens 2022 het Cell C kennis gegee dat hulle nie hulle kontrak gaan hernu nie. Die effek daarvan is 'n verlies van R120 000 per jaar. Wel het ons nog 'n gedeelte afgelope jaar ontvang maar vir hierdie jaar is dit 0.
4. Onder andere het ons die inkomste van die markdag van einde verlede jaar hieronder getoon. Hierdie aksie het die pragtige bedrag van R104 000 opgelewer. Hierdie inkomste het 'n baie groot bydrae gemaak dat ons nie op 'n verlies afgesluit het nie!
5. Onder personeelvergoeding is daar behalwe die predikante en hul gades agt ander funk-sionarisse wat onder hierdie afdeling geakkommodeer word. Uiteraard het die trakte-ring van die predikante die grootste impak op hierdie afdeling.

   Dis derhalwe belangrik dat ons hier 'n bietjie meer aandag aan spandeer. Predikante word nie 'n salaris betaal nie maar getrakteer. Dit beteken dat hulle versorg word om hulle werk te kan doen ooreenkomstig die Kerkorde. Anders as in 'n maatskappy, waar salaris-se waarskynlik jaarliks net groei, moes ons hierdie jaar dan ook werklik gaan trakteer. Ons het die traktering van Ds Lourens drasties onderskat op verskeie velde maar hoof-saaklik die koste van hervestiging en dat hy 'n groter gesin het. Daarteenoor is Ds van Helden en Ds Kruger se huise al afbetaal en die kinders uit die huis. Weens die druk op die finansies moes ons onder hierdie afdeling drastiese stappe neem. Ds Lourens se traktering is dus wesenlik verhoog, terwyl die ander twee predikante se traktering ruim verlaag word op ouderdom 65. Hierdie besluit is indringend met alle betrokke partye bespreek en deur die Kerkraad goedgekeur.

   Dit beteken dan ook dat ons in hierdie jaar 'n besparing op personeelvergoeding het van ruim 4% om steeds binne 'n billike begroting te eindig en nie verdere druk op dankoffers plaas nie.
6. Behalwe die eerste drie uitgawes op die verslag is daar verskeie ander kleiner uitgawes wat direk deur die Finansiële kommissie hanteer word. Een van die kleiner items is die waardevermindering. Ons het nie vir waardevermindering, ongeveer R25 000 begroot nie en ook nie vir hierdie jaar nie. Die resultaat is 'n oorspandering van bykans 12%.
7. Ons het verlede jaar 'n nuwe kopieerder kontant gekoop en nie op huurkoop nie. Die besparing langtermyn is groot maar dit het verlede jaar bietjie seergemaak.

vervolg bl 10...

FINANSIEëLE VERSLAG AAN DIE GEMEENTE SOOS OP 31 DESEMBER 2022 EN BEGROTING VIR 2023

**INKOMSTE**

| | 2022 | | | | 2023 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| ITEM | WERKLIK | BEGROOT | AFWYKING | NOTAS | BEGROOT | AFWYKING |
| Dankoffers | R 6 012 228 | R 6 060 000 | -0.8% | 1 | R 6 558 140 | 9.1% |
| Deurkollektes | R 120 184 | R 147 000 | -18.2% | 2 | R 145 000 | 20.6% |
| Selfoonmaatskappye | R 330 497 | R 400 000 | -17.4% | 3 | R 294 000 | -11.0% |
| Ander | R 130 375 | R 20 000 | 551.9% | 4 | R 6 000 | -95.4% |
| | | | | | | |
| TOTAAL | R 6 593 284 | R 6 627 000 | -0.5% | | R 7 003 140 | 6.2% |

**UITGAWES**

| ITEM | WERKLIK | BEGROOT | AFWYKING | NOTAS | BEGROOT | AFWYKING |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Personeelkostes | R 4 478 489 | R 4 365 249 | -2.6% | 5 | R 4 296 000 | -4.1% |
| Ramings | R 1 179 879 | R 1 187 000 | 0.6% | | R 1 270 000 | 7.6% |
| Munisipale kostes | R 149 200 | R 140 000 | -6.6% | | R 150 000 | 0.5% |
| Finansiële kommissie | R 261 769 | R 234 000 | -11.9% | 6 | R 260 000 | -0.7% |
| Administrasie | R 183 484 | R 130 000 | -41.1% | 7 | R 115 500 | -37.1% |
| Bedieningskommissie | R 6 310 | R 10 000 | 36.9% | 8 | R 31 000 | 391.3% |
| Katkisasie kommissie | R 30 318 | R 45 000 | 32.6% | 9 | R 42 000 | 38.5% |
| Evangelisasie | R 455 510 | R 499 000 | 8.7% | | R 501 640 | 10.1% |
| Instandhouding | R 362 155 | R 130 000 | -178.6% | 10 | R 150 000 | -58.6% |
| Jeugaktiwiteite | R 15 574 | R 30 000 | 48.1% | 11 | R 32 000 | 105.5% |
| Ander | R 227 491 | R 150 000 | -51.7% | 12 | R 155 000 | -31.9% |
| | | | | | | |
| TOTAAL | R 7 350 179 | R 6 920 249 | -6.2% | 13 | R 7 003 140 | -4.7% |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| UITGAWES BO INKOMSTE | -R 756 895 | -R 293 249 | | 14 | R - | |
| NETTO POSISIE* 2022 | R 23 000 | | | 14 | 2021 WAS | R 780 000 |

* KONTANT IN DIE BANK PLUS DEBITEURE MINUS KREDITEURE





## *Nuwe Intrekkers*

Daar word Woensdagaand,

**8 Feb** om **19:00**

'n verwelkomingsfunksie gehou vir alle nuwe intrekkers in die gemeente.

Alle nuwe lidmate van die afgelope **drie maande** is welkom om die funksie by te woon.

**Stephanie van Jaarsveld 084 603 6773**

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/ herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.




## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**29 Jan**

| | |
|---|---|
| Anika Lindeque | Blok A |
| Petra Terblanche | Blok B |
| Marietjie Smit | Blok C |

**5 Feb**

| | |
|---|---|
| Wilna van Zyl | Blok A |
| Liana van Rooy | Blok B |
| Gerda Pieters | Blok C |

## Eljada Huis

**Volledige behoeftelys**: Is op die kennisgewingbord geplaas

**Deurlopende behoeftes**: Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, koffie, tee, hawermout, macaroni, rys, koekmeel, kookolie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, droë ertjies, soppoeier, waspoeier, toiletpapier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, sanitêre doekies.

Plaas die goedere in die waentjie onder die boom. Baie dankie.

Hennie vd Vyver 084 424 0421

**Gee jou naam op by Rika Kruger onder die Olyfboom**

## Ons Groot DAM-Naweek – 3-5 Maart

Die naweek van 3-5 Maart nooi die finalejaar teologiese studente van Potchefstroom al wat Dopper en vriende is na die Rietspruitdam-vakansie-oord buitekant Ventersdorp. Daar is 67 toegeruste kampeerplekke (meeste teen die dam) en 3 huisies.

Vir visvang, swem, bootry en selfs ski, is dit die plek om te wees. Die dam se water is skoon. Daar is 'n koue swembad teen die dam en 'n binnenshuise warm swembad langsaan. Daar is tafeltennis en poel. Daar gaan bote wees vir die wat op die water wil gaan, of op 'n waterwurm wil ry. Vir die wat lus is reël die studente 'n visvangkompetisie met mooi en pret pryse die Saterdag.

Bespreek asseblief julle plek by Karin Yssel by die oord, 0836268155. 'n Groot deel van die inkomste gaan vir die studente wat geld bymekaarmaak om in Oktober Turkye (Klein-Asië van die Nuwe Testament) te besoek voor hulle in die bediening ingaan. Die pryse vir verblyf is soos volg:

- Kampplekke – R600 per naweek vir 2 persone. R100 per naweek vir elke persoon wat bykom, behalwe voorskoolse kinders wat gratis kamp.
- Huisies – R1500 per naweek. Plek vir 4 persone.

Kyk gerus na die ligging, uitleg en fasiliteite van die oord by https://g.co/kgs/f7ynoU

As daar verdere vrae is oor 3-5 Maart, whatsapp of SMS gerus vir teologiese student Christiaan Swanepoel (0737690455) oor die naweek self, of student Willem van Heerden (0764500562) oor die visvangkompetisie.

*As iemand later vanjaar saam met ons finalejaars Turkye toe wil toer, kan Lientjie gekontak word (0637355601)*

---

## Pastorale versorging kursus

Die Gereformeerde Kerk Centurion in samewerking met Expando bied 'n gratis 7 weke kursus aan in Pastorale Versorging.

Die kursus word aangebied deur Prof Gert Breed wat intens betrokke is by pastorale begeleiding. Prof Breed het onder andere Pastorale Berading by die NWU aangebied vir 10 jaar en is steeds betrokke by die begeleiding van studente om te breek met verslawende gewoontes.

Hy het 'n pastorale model op grond van God se Woord ontwerp wat die basis van die kursus sal vorm.

Die kursus is vir enige gelowige wat graag op 'n sinvolle manier met ander gelowiges, familie, vriende, vreemdelinge of kollegas met probleem emosies en optredes wil gesels vanuit die Woord.

Die aanbieding vind elke Maandag plaas vir 7 weke en skop af op **30 Januarie 2023**. Prof Breed sal in persoon die aanbieding behartig by die Gereformeerde Kerk Centurion.

Daar sal ook 'n regstreekse uitsending van die aanbieding plaasvind vanaf die gemeente se webblad, gkcenturion.co.za

Enigeen is welkom om dit by te woon of aanlyn saam te luister.

Kontak gerus vir Ds. Lourens Venter van die GK Centurion vir enige navrae by 082 529 2330



# Bybelskool van Centurion 2023

**bied aan**

## Hoe kan gelowiges voorkom dat hulle in hul geloof-entoesiasme en geloofsekerheid ondermyn word?

2 Petrus is 'n brief van die apostel Petrus kort voor sy dood. Dit is eintlik 'n geestelike testament wat hy nagelaat het. In hierdie testament gee hy aan sy lesers op verskeie wyses leiding wat hulle moet doen om nie in hulle geloof te verflou of onseker te raak nie. Ons beplan om in ses Bybelstudie-sessies in besonderhede aandag te gee aan hierdie testament.

**Begin datum: 7 Februarie 2023**

**Almal welkom**

**Plek**: Geref Kerk Centurion
Basdenlaan 226, Lyttelton
**Tyd**: Elke Dinsdagaand 19:00-20:30
**Koste**: R100 pp
**Aanbieder**: Dr Douw Breed
**Inskrywings**: Ellouis 012 664 2614 (Kantoor)/Hein Kaiser 0827727718

## Senior Aksie

Senior Aksie vergader weer op DV **Maandag, 6 Februarie 2023 om 10:00** in die Kerksaal.

Ds Lourens Venter en Sonja van Sonja Smith begrafnisondernemers gaan vrae vir ons beantwoord wat ons soms te bang is om te vra.

Kom gerus en deel in 'n gesellige Senior-kuier!

## Volwasse Toerusting vir nuwe lidmate

Enige persoon wat by die gemeente wil aansluit en of lidmate wat belangstel vir 'n bietjie opfrissing van jou kennis, kan die toerusting bywoon.

Die volwasse toerusting begin

**14 Feb om 18:00** in die konsistorie

Bevestig asb met ds Gerrit 082 964 5595/

Kerkkantoor 012 664 2614